# <u>GROEI én GROEI is nodig</u>!

1 SAM 2:26

INLEIDING: Kinders: **Hoe meet** ‘n mens hoeveel jy gegroei het?
Wie kan sê hoeveel jy **verlede jaar** gegroei het? Maklik!
Langste mens: 2,72m. Robert Wadlow. VSA. 1940 oorlede.
Daar is **nog ‘n manier van groei**: Geestelik. (verduidelik betekenis en belangrikheid) Rabbi’s – baba: “duidelik gekom”! Soos Rich Mullins sing: <u>“Jesus, you were a boy just like me, but when I grow up I want to be a man just like You.”</u>
<u>Geestelike groei</u>: om meer soos Jesus te word.

VERSKIL: Geestelik **nooit “uitgegroei”** nie. Hoeveel – verlede jr? Moeiliker om te beantwoord – laaste 5 jr?

- Hoe sal my familie/gesin sê het ek die afgelope vyf jaar geestelik gegroei?

VOORWAARDES: Wat’s vir jou **liggaam nodig** om gesond te kan groei?
Dit is belangrik om te weet <u>wat nodig is om *geestelik* te groei</u>.
Kom ons kyk na die **voorbeeld van Samuel**. Van hom lees ons dat hy *liggaamlik en geestelik gegroei* het – <u>vs 26</u> (lees)

## <u>1. DIEN DIE HERE</u>

Vers 18 sê dat Samuel die Here gedien het.
**<u>Geestelike groei volg wanneer ons die Here dien</u>**. Wanneer ons Hom en sy wil **eerste stel** in ons doen en late. Hy eis *onverdeelde trou*. My skoolwerk of beroep of sport of vriende mag nooit vir my belangriker as Hy wees nie. Dan dien ons nie meer vir Hom nie, maar vir onsself en vir die Satan. **Solank ons onsself dien**, sal ons nie geestelik groei en meer soos Jesus word nie.
HOE: Ons kan ook nie maar elkeen op onsself besluit HOE ons die Here wil dien nie. Die Here **leer ons in die Bybel** hoedat Hy gedien moet word. Daarom is dit belangrik om gereeld ons Bybels met aandag te lees, dit saam met ander te doen bv as huisgesin, erediens en kategese toe te kom en nie sommer weg te bly nie. Die Here verwag dat ons Hom **voluit** sal dien – met ons HELE hart en nie HALF-hartig nie (Matt 22).
‘n Mens kry nie regtig ***bevrediging*** wanneer jy iets halfhartigs doen nie. Jy maak ook nie eintlik ***vordering*** nie. Doen jou *skoolwerk* voluit, dan sal jy skool geniet (toetse ook!). Doen jou *sport* voluit, dan sal jy jou sport geniet (fiks word!).

Dien die Here voluit en jy sal dit **met blydskap** doen. Ps 100:2 *"Dien die Here met blydskap!"* Larry Crabb: *"Pleasing people brings pressure, pleasing God brings pleasure."*

**Dis wanneer ons die Here voluit dien soos wat Hy gedien wil wees dat ons geestelik groei.**
Dit is beslis nie altyd **maklik nie**. Daar is baie versoekinge. Maar dis die moeitewerd om te volhard. Kom ons stel vanjaar vir mekaar 'n **voorbeeld**; **moedig** mekaar aan en **bid** vir mekaar.

## 2. HOU ALTYD MET GOD REKENING

Ons lees van **Eli se seuns** dat hulle het *"nie met die Here rekening gehou nie."* (:12) Hulle het gedoen *wat hulle wil*. Hy het nie vir hulle saak gemaak nie. Hulle het nie *'n saak* met Hom gehad nie. Hulle het net gedink aan wat vir *húlle voordelig* was. Daarmee het hulle 'n *slegte voorbeeld* gestel.
**Die gevolg** was dat die mense wat kom offer het, nie net respek vir *hulle* verloor het nie, maar ook vir *die offer* en indirek vir *die Here*.
**Samuel, daarenteen**, *"het in die tempel by die Here grootgeword."* (:21) Hy het geweet hy is in die teenwoordigheid van die Here en het hom so gedra. Dit is nog iets wat **baie bydra** tot 'n mens se geestelike groei: **Wanneer jy bewus bly daarvan dat jy in God se teenwoordigheid is.**
**Waar is dit?** Net in die tempel? Net in die kerkgebou? Nee, ORAL! Soos CS Lewis tereg sê: *"We may ignore, but we can nowhere evade, the presence of God."*
Die psalmis het dit al gesê: (lees Ps 139:8-10).

Daar was 'n man, Wiseman, wat in 'n vallei in Afrika gebly het. Al wat hy wou doen, was om vir God te dien en ander te help. Maar die vallei se mense was aaklig met mekaar en het nog minder vir God omgegee.
Wiseman het gewonder hoe hy hier vir God met vreugde kan dien! Hy het sy oë opgeslaan na die pragtige berge… in die stilte en skoonheid sal ek God vind, het Wiseman gedink. Hy het besluit om daarheen te gaan …
Bergop het Wiseman vir 'n persoon gevra waarheen hy oppad was. "Om tussen die mense van die vallei te gaan bly…" was die man se antwoord." Weet jy hoe is die mense daar?" het Wiseman gesê, maar die persoon het sonder enige verdere woorde aangestap. Toe het Wiseman verder teen die berg opgestap.
Uiteindelik het hy die plato van die berg bereik. Voor 'n houthut het 'n ou man gesit. "Ek is op soek na God!" het Wiseman vir hom gesê.
"Jammer, jy het Hom gemis. Hy is bergaf om tussen die mense van vallei te gaan bly!"
Skielik het Wiseman besef die Persoon wat hy ontmoet het, was God en hy het Hom nie eens herken nie.
"Weet jy hoe is daardie mense…" het Wiseman gepraat.

“**Maar dis juis hoekom God daarheen is, want die mense het Hom nodig. Hy is altyd by hulle wat Hom nodig het, selfs by hulle wat dink hulle het Hom nodig nie… “**
Wiseman is bergaf opsoek na God en hy het orals mense gehelp, want dalkies was dit net miskien God…

Hierdie wete DAT God oral en altyd by ons teenwoordig is, behoort ons **te weerhou van sonde**. Dit behoort vir ons **moed te gee**. Dit behoort ons te **troos** en ons **eensaamheid** te verlig.
**Hoe meer ons geestelik groei**, hoe ‘n groter werklikheid sal God se teenwoordigheid vir ons word en hoe ‘n groter werklikheid sy teenwoordigheid vir ons word, hoe meer sal ons geestelik groei.

3. DIE ROL VAN DIE GESIN

Wat ons hier van die seun Samuel lees, is ‘n **vooruitskouing** op wat later van die **Kind Jesus** gesê sou word. Ons lees in Luk 2:52 *“En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.”*
In albei gevalle moet ons ook nie die **rol van die gesin** miskyk nie. Die feit dat Hanna elke jaar vir Samuel ‘n **manteltjie** gemaak het en vir hom saamgebring het, wys daarop dat hy maar altyd in haar gedagtes en sekerlik ook in haar gebede was. Samuel en Jesus was bevoorreg om **godvresende ouers** te kon gehad het. **Jesus se ma** het Hom nog tot die bitter einde aan die kruis toe bly ondersteun.
**Leef ons as ouers so dat ons kinders begeer om Christus beter te leer ken?** Maak **ons voorbeeld** dit vir hulle moeiliker of makliker om te glo? Iemand het eendag vir ‘n **student gevra**: *“Hoe weet jy die Bybel is waar?”* Hy het geantwoord: *“As ek aan my ma daar op die plaas dink, hoe sy leef, dan weet ek dit is waar!”* Ouers kan deur hulle voorbeeld en aanmoediging ‘n **klimaat vir geestelike groei** help skep. Wanneer ouers die Here **met blydskap dien** en leef soos mense wat weet hulle is voortdurend in **God se teenwoordigheid**, sal dit ‘n indruk maak op die kinders.
**Ongelukkig volg kinders** nie altyd in hulle godvresende ouers se voetspore nie. Eli se seuns is ‘n voorbeeld daarvan. As jou kind jou *teleur* stel, bly vir hom/haar bid. As jou kinders vir jou *vreugde* bring, dank die Here daarvoor.
Kom ons bid vir daardie gesinne waar dit nie goed gaan nie. Dis nie altyd die ouers se skuld nie.
**Vir die kinders wil ek vra**: Kies soos Samuel om die Here te dien. Onthou Hy is altyd by julle teenwoordig. Bid vir julle ouers en vir julle maats.

Dit is **so lekker** om agter te kom hoedat jy besig is om geestelik te groei **en hierdie gevoel hoef nooit op te hou nie**!
Amen
17/1/10